# Book Reviews : Boekbesprekings

## PRAKTYKVOERING

**De Praktijkvoering van de Huisarts in Solo- en Groepspraktijk.** Deur R. S. ten Cate. Pp. 363. Geïllustreer. Dfl.58,50. Leiden, Holland: H. E. Stenfert Kroese. 1973.

Hierdie werk behels 'n uitvoerige studie van praktykvoering met 'n grondige oorsig van die verskillende aspekte daarvan, soos o.a. tydsindeling en spreekuur-organisasie, sekretariële hulp en praktykhulp, algemene en finansiële administrasie, tegniese kommunikasie en groepspraktyk. Vanselfsprekend is dit 'n werk wat vir die Nederlandse geneesheer geskryf is en nie altyd vir toestande in Suid-Afrika van toepassing is nie. Behalwe vir algemene praktisyns is die werk veral aan te beveel vir almal wat by die opleiding van geneeshere betrokke is, omdat dit 'n insig kan gee in die groot gebreke wat daar aan ons mediese skole by die opleiding van algemene praktisyns bestaan.

F.P.S.

## WELSTAND VAN DIE BEJAARDE

**The Myth of the Golden Years.** A socio-environmental theory of aging. By J. F. Gubrium. Pp. xvii + 225. $9,75 cloth; $6,75 paper. Springfield, Illinois: Charles C. Thomas. 1973.

'n Kritiese oorsig oor die mite van die goue jare van die bejaarde, uit die oogpunt van maatskaplike omgewingskonsepte, maatskaplike kontekste, aktiwiteitsnorme, die maatskaplike psigologie en begrippe, met inbegrip van groepsbewustheid, word deur die skrywer geskets.

Op 'n wetenskaplike wyse word aangetoon dat heersende idees oor die besondere welstand van die bejaarde in die gemeenskap 'n mite is.

Die boek is van belang vir geneeshere met belang in geriatrie, mediese maatskaplike werkers en sosioloë.

C.L.W.

## ONDERRIG AAN GENEESKUNDIGE FAKULTEITE

**Improving Teaching in Medical Schools.** A practical handbook. By J. D. Holcomb, Ed.D. and A. E. Garner, Ed.D. Pp. xiii + 225. $8,95. Springfield, Illinois: Charles C. Thomas. 1973.

As gevolg van die geweldige toename in geneeskundige kennis (verdubbeling elke vyf jaar) en die groot behoefte aan geneeshere en gevolglik die groter getalle studente wat toegelaat word, is daar tans groot belangstelling in verbeterde onderrig aan geneeskundige fakulteite. Hierdie handleiding gee 'n uitstekende oorsig oor die opvoedkundige beskouings en metodes om onderrig te verbeter. Die klem val swaar op die noodsaaklikheid van goedopgestelde doelstellings om die verlangde eindgedrag van studente te bepaal. 'As 'n mens nie weet waarheen jy wil gaan nie, sal jy nie kan weet hoe om daar uit te kom nie.'

Daar is baie nuttige en doeltreffende besprekings oor die voordele en nadele van verskillende onderrigmetodes soos die voorlesing, die bespreking en onafhanklike studie. Dit word vergesel van aanduidings oor hoe die metodes ook meer doeltreffend gemaak kan word. Self-studiemetodes en tegnieke word besonder goed toegelig ten opsigte van geskrewe self-studie handleiding, oudio-visuele tegnieke en die gebruik van die rekenaar.

Die uitstaande hoofstukke is egter dié wat handel oor evaluering van studente, maar meer pertinent dié wat handel oor evaluering van die onderrigprosedures en van die dosent wat dan as grondslag dien om geneeskundige onderrig te verbeter.

Die verwysings na die literatuur en die bibliografie is in sigself van besondere waarde.

Hierdie handleiding is eintlik 'n móét vir almal wat vandag te doene het met geneeskundige opleiding aan ons geneeskundige fakulteite.

A.J.B.

## CHEMOTHERAPY

**Chemotherapy under Special Conditions.** Antibiotics and Chemotherapy. Vol. 18. Ed. by H. Schönfeld, R. W. Brockman and F. E. Hahn. Pp. viii + 210. S.Fr.98,-, £14,20. Basel and London: S. Karger. 1973.

Specialists in medicine, especially those engaged in research, will find this book extremely valuable for reference and guidance. The lengthy chapters are of the nature of reviews. The subjects dealt with are: antibacterial chemotherapy in renal insufficiency; antibiotic therapy in patients undergoing cancer chemotherapy; antibacterial therapy in paediatrics, chemotherapy of plasma cell myeloma and related disorders; pharmacokinetics of sulphamethoxazole-trimethoprim, and diabetes from the point of view of its interrelationship with infection.

N.S.

## FOOTBALL INJURIES

**Head and Neck Injuries in Football.** Mechanism, treatment and prevention. By R. C. Schneider, M.D. Pp. xxi + 272. Illustrated. $18,75. Baltimore: Williams & Wilkins. 1973.

This monograph is written for coach, doctor, and orthopaedic and neurosurgeons, and is printed in different type-sets for selective reading.

A review of serious and fatal head and neck injuries suffered in American football over a 5-year period is presented. Damage done to the brain, cervical cord and vertebral artery is discussed, and comparisons are made between the incidence of these injuries in footballers playing with and without protective helmets and faceguards. The sideline and first-aid care of these are described, with a clear outline of the symptoms that require urgent emergency hospitalisation and/or operation, and a section is devoted to the varying degrees of concussion.

P.P.

## ALLERGY MANAGEMENT

**Allergy Management in Clinical Practice.** By L. Tuft, M.D. Pp. ix + 426. Illustrated. $31,25. St Louis: C. V. Mosby. 1973.

This is another useful tome on the growing subject of allergy and its intricate manifestations. It covers the subject well, and is well written and easily read. Like most new books on any subject, it contains new and interesting information that is not covered in other works.

It is strongly recommended for the practitioner interested in allergy, and should certainly be read by all doctors who treat the allergic patient.

J.C.

## MICRO-ANGIOGRAPHY

**Micro-Angiography of the Lung in Infancy and Childhood.** By B. Robertson. Pp. 86. Illustrated. Stockholm: Proprius. 1973.

This slim volume summarises the contribution of micro-angiography to the field of pulmonary vascular morphology in normal fetal and postnatal development, and the various forms of congenital heart disease and the diopathic respiratory distress syndrome. The author's own work, with particular reference to the parallel examination and demonstration of micro-angiograms with their histological counterparts, is beautifully presented in a large number of illustrations.

It can be recommended to all scientific workers and clinicians interested in the lung and its circulation. Technical information and the extensive list of references to pertinent publication in the literature and to the value of this interesting monograph.

H.d.V.H.

## PELLAGRA

**A Plague of Corn.** The social history of pellagra. By D. A. Roe, M.D. Pp. xiii + 217. Illustrated. R5,50. London: Cornell University Press. 1973. Available from International Book Distributors, Herts, UK

At a time when nutritional diseases are every man's concern, this book provides an interesting account of the story of maize, pellagra which followed in its wake, and of the 200-year-old struggle of individuals to conquer the disease. It is well worth reading, especially by those working in the field of nutrition and epidemiology and those who have become complacent about diseases which, in the light of our present knowledge, should not exist.

E.F.R.

## DIE MILT

**The Spleen.** Deur A. I. S. Macpherson, Ch.M., M.B., F.R.C.S.Ed., F.R.S.E., J. Richmond, M.D., F.R.C.P.Lond. en A. E. Stuart, M.B., Ch.B., Ph.D., F.R.C.P.Edin., F.R.S.E. Pp. ix + 280. Geïllustreer. $15,75. Springfield. Illinois: Charles C. Thomas. 1973.

Hierdie monogram is een uit die 'American Lecture Series'. Dit is beslis nie, soos 'n mens miskien kon gehoop het, 'n volledige werk oor die milt nie. Dit bevat die outeurs se ondervinding oor 'n aantal jare, en uit dié oogpunt gesien, asook uit dié van die verwysings, is die boek nuttig. Die hoofstukke oor die anatomie en patologie is goed en bevat goeie illustrasies.

Verder word veral die chirurgiese aspekte bespreek. Onmiddellike nadelige gevolge van 'n splenektomie word bespreek, maar ongelukkig geen langtermyn nadele van die operasie self nie. Daar is 'n hele reeks verwysings aan die einde van die boek. Die inhoudsopgawe aan die einde is onvolledig. Die boek is waardevol vir persone wat veral in die milt belangstel en sal help om hulle kennis verder uit te bou.

B.J.v.R.D.